STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK

MUNICIPALITY • UMASIPALA • MUNISIPALITEIT

**MEDIUM TERMYN INKOMSTE EN UITGAWE RAAMWERK (BEGROTING) vir 2021/2022-2023/2024**

**VIERDE HERSIENDE 4de GENERASIE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) 2021/2022**

**PROKLAMERING VAN EIENDOMSBELASTING TARIEWE VIR DIE 2021/2022 FINANSIËLE JAAR -VAN TOEPASSING VIR DIE PERIODE 1 JULIE 2021 TOT 30 JUNIE 2022**

Hiermee word kennis gegee kragtens artikel 21 en 25 (4) van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, 2000 (Wet Nr. 32 van 2000) dat die Vierde Hersiende 4de Generasie Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP)- ,sowel as die Begroting, Eiendomsbelasting, Tariewe en nuwe sowel as die hersiene begroting en verwante beleide vir 2021/2022 kragtens artikel 17 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet Nr. 56 van 2003) deur die Raad goedgekeur is op 26 Mei 2021 soos deur die relevante wetgewing vereis. Die begroting word hiermee bekendgemaak aan die publiek kragtens artikel 18 van die Munisipale Begrotings- en Rapporteringsregulasies. Volledige inligting rakende die besluit van die Raad, die Eiendomsbelastingbeleid en die Spesiale Aanslaggebied Beleid van die Munisipaliteit asook die kortings van toepassing op verskeie kategorieë van eienaars van eiendomme of op eienaars van spesifieke kategorieë van eiendomme volgens bepaalde kriteria soos beskryf in die voorgenoemde beleide sowel as die goedgekeurde GOP en begrotings dokumente is op die Munisipaliteit se webwerf (www.stellenbosch.gov.za) en by die volgende kantore beskikbaar:

Munisipale Kantoor, Pleinstraat, Stellenbosch;
Munisipale Kantoor, Hugenoteweg, Franschhoek;
Munisipale Kantoor, Hoofweg, Pniël;
Wykskantore;
Biblioteek, Pleinstraat, Stellenbosch;
Biblioteek, Sonnebloemstraat, Ida's Vallei, Stellenbosch;
Biblioteek, Langstraat, Cloetesville, Stellenbosch;
Biblioteek, Masithandanestraat, Kayamandi, Stellenbosch;
Biblioteek, Hoofweg, Pniël;
Biblioteek, Reservoirstraat-Wes, Franschhoek; en
Biblioteek, Le Roux Straat, Groendal, Franschhoek.

## BESLUIT VIR HEFFING VAN EIENDOMSBELASTING EN TARIEWE VIR DIE 2021/2022 FINANSIËLE JAAR

*Kennis geskied hiermee in terme van artikels 14(1) en 14(2) asook 22(1) van die Plaaslike Regering Munisipale Eiendomsbelasting Wet (No 6 of 2004) (die MEBW); dat die Raad van die Stellenbosch Munisipaliteit, by die Raadsvergadering op 26 Mei 2021, deur middel van Besluit/Item Nommer 8.3.5(e) besluit het om belasting te hef op eiendomme soos uiteengesit in die ondergenoemde skedules en dat die onderstaande belastingtariewe goedgekeur word vanaf 01 Julie 2021. Die goedgekeurde tariewe vir eiendomsbelasting word gelys in "A" hieronder en die*

*spesifieke goedgekeurde kortings kategorieë asook die Spesiale Aanslaggebied tariewe word gelys in "B" en "C" hieronder.*

## A. EIENDOMSBELASTING:

| Kategorie van Eiendom | Tarief |
|---|---|
| Residensieël | R 0.004481 |
| Industrieël | R 0.009858 |
| Besigheid | R 0.009410 |
| Landbou | R 0.001120 |
| Mynbou | R 0.010306 |
| Staatsdiensdoeleindes | R 0.009410 |
| Openbare Diensinfrastruktuur | R 0.001120 |
| Openbare Weldaadsorganisasie | R 0.001120 |
| Erfenis | R 0.003585 |
| Vakant Residensieël | R 0.008962 |
| Vakant Ander (nie Residensieël ook nie Landbou) | R 0.017924 |
| Multi Gebruiksdoeleindes (Geïdentifiseerde komponente word gekategoriseer en aangeslaan volgens bogenoemde) | Multi Tarief |

## B. KORTINGS:

*Kortings word in paragraaf 8 van die goedgekeurde Eiendomsbelastingbeleid van die Munisipaliteit in detail beskryf. Die spesifieke ondergenoemde kortings is daarby ingesluit:*

### 1. Korting en Bruto Maandelikse Huishoudelike Inkomste vir Kwalifiserende Pensioenarisse en Gestremde Persone

| *Bruto Maandelikse Huishoudelike Inkomste* | | | | *% Korting* |
|---|---|---|---|---|
| Tot en met | | | R 8 000 | 100% |
| Vanaf | R 8 001 | tot | R10 000 | 75% |
| Vanaf | R10 001 | tot | R12 000 | 50% |
| Vanaf | R12 001 | tot | R15 000 | 25% |

### 2. Munisipale Waardasie Drempelwaarde

Vir kwalifiserende residensiële eiendom tot 'n maksimum waarde van R250 000, wat insluit die bedrag van R15 000 soos per Artikel 17(1)(h) van die MEBW en die R235 000 vermindering soos per paragraaf 8.2.1(ii) van die goedgekeurde Eiendomsbelastingbeleid. Paragraaf 8.2.1(ii) is slegs van toepassing op eiendomme met waardasies tot R5 000 000.

### 3. Stellenbosch Spesiale Korting

'n Korting van 20% kan toegestaan word ooreenkomstig paragraaf 8.6 van die goedgekeurde Eiendomsbelastingbeleid van die Munisipaliteit.

## C. SPESIALE AANSLAGGEBIED:

### 1. Tariewe van toepassing op verskeie goedgekeurde Spesiale Aanslag Gebiede

*(Verwys na die Spesiale Aanslaggebied Beleid van die Munisipaliteit)*

| *Spesiale Aanslag Gebied* | *Tarief (BTW Ingesluit)* |
|---|---|
| Jonkershoek | R 0.000942 |
| Technopark | R 0.001660 |

**G Mettler**
**Munisipale Bestuurder**
**Stellenbosch Munisipaliteit**

STADSHUIS/TOWNHALL • PLEINSTRAAT/ PLEIN STREET • STELLENBOSCH • 7600 • POSBUS 17 / P.O.BOX 17 • STELLENBOSCH • 7599 • TEL+27 21 808 8025/8111 • FAX: +27 21 886 6749
•EPOS/EMAIL:MUNICIPAL.MANAGER@STELLENBOSCH.GOV.ZA • WEBSITE: WWW.STELLENBOSCH.GOV.ZA